# 1 PROBLEEMSTELLING, HIPOTESE(S) EN DIE METODE VAN ONDERSOEK

## 1.1 Inleiding

Die mens voed op, maar word ook opgevoed.

Wie die mens wat betrokke by hierdie opvoeding is, hoe hy lyk en wat die "proses" is wat hy tydens die opvoeding moet deur=loop, moet gekwalifiseer word. 'n Sodanige kwalifikasie ver=onderstel wetenskaplike kennis. As die mens wetenskaplik deurskou word, word daar tot die slotsom gekom dat hy 'n ge=kompliseerde wese is met 'n hoogs ingewikkelde vervlegting=struktuur (Kock, 1969: 105).

Die besef van hierdie gekompliseerde aard van menswees gryp ook die opvoedkundige navorser aan. In sy wetenskaplike be=vraging van God se skeppingswerklikheid poog die opvoedkundi=ge om die opvoedingsverskynsel as objek te deurskou.

Die opvoedkundige onderwerp hom in sy navorsingstaak aan God se gesag en beskou homself hoogstens as geroepene om die werk=likheid van God se skepping te ontgin, te verifieer en te be=skryf.

Die mens (i.c. opvoedkundige) moet ontdek en waardeer, oordeel en kies, ontwikkel en vorm gee. In hierdie werksaamheid bly hy steeds gebonde aan die skeppingsordinansie waardeur God se wil geopenbaar word (Taljaard, 1963: 48).

Opvoeding as werklikheidsgegewe vertoon grondtrekke wat so uniek is dat die opvoedingswerklikheid daaraan geken kan word. Dit is onder andere egter in die identifisering, analisering en beskrywing van hierdie grondtrekke dat daar bepaalde ver=skille tussen opvoedkundiges voorkom. In die Republiek van Suid-Afrika is dié verskille veral merkbaar in samehang met die opvoedkundige navorsingsmetodes wat gebruik word (Turkstra, 1980: 1230).

Die vind van 'n grondtrek van opvoeding verg bepaalde weten=skaplike metodes. In die opvoedkunde word hierdie metodes gekenmerk deur onder meer 'n bepaalde antropologiese en onto=logiese oriëntering (Botha, 1977: 129 - 131).

Opvoedkundiges maak in die reël veral gebruik van die hipote=se-verifiërende induktiewe navorsingstrategie. 'n Hipotese word opgestel en in die lig van die navorsingsuitkoms aanvaar of verwerp (De Wet, Monteith, Steyn, Venter, 1981: 30 - 38).

Omdat die deelwetenskappe van die opvoedkunde onderling ver=skil, verskil die wetenskaplike navorsingsmetodes wat binne hierdie hipotese-verifiërende induktiewe navorsingstrategie in die verskillende opvoedkundige deelwetenskappe gebruik word. Die fundamentele opvoedkunde is hier geen uitsondering nie, want dit bied 'n veld waar 'n wye reeks metodes toegepas kan word (Van der Walt, 1982: 29).

In die onderhawige ondersoek gaan gepoog word om 'n betreklik onbekende opvoedkundige metode wat bekend staan as die struk=tuur-empiriese metode te ondersoek, ten einde die bruikbaar=heid van hierdie metode op die terrein van veral die fundamen=tele opvoedkunde te bepaal. Strauss (1977: 5) het onder an=dere in sy artikel Die teoretiese blootlegging van skeppings=beginsels die moontlikheid van 'n metode (naamlik die struk=tuur-empiriese metode) wat die grondleggende strukture van die werklikheid binne die ervaringsveld van die mens en in die lig van die Skrif kan deurvraag, aan die hand gedoen. Schoeman (1978: 800 - 803) het aangetoon dat die struktuur-empiriese metode ook deur die opvoedkundige gebruik kan word om vanuit Christelike perspektief die opvoeding transendenteel (resp. grondleggend) te kan deurvraag.

## 1.2 Probleemstelling

Die probleem wat tans ondersoek word, het te doen met die mens se wetenskaplike soeke na die sin van die geskape werklikheid.

Dit/...........

Dit is veral die wetenskaplike perspektief van die reformatoriese denke wat in hierdie verband die aandag geniet. Daar is reeds "talryke pogings" (Schoeman, 1978: 800) aangewend om tot 'n aanvaarbare metode vir gebruik in die fundamentele opvoedkunde te kom.

'n Voorbeeld in Reformatoriese verband van 'n teoretiese formulering van die werklikheid is verskaf deur H. Dooyeweerd. In sy beskouing op die werklikheid het hy die intieme vervlegting van die onderskeie "onderdele" van die werklikheid in 'n bepaalde struktuurorde en -verband noukeurig uiteengesit (Dooyeweerd, 1955).

Om volgens Dooyeweerd die sin van 'n verskynsel in die werklikheid (soos opvoeding) wetenskaplik te kan verwoord, moet die struktuurverband waarin hierdie aspek, verskynsel of faset van die werklikheid staan, altyd in gedagte gehou word. Uit hierdie struktuurverband word die primêre vervlegtingsamehang tussen die aspekte van die werklikheid waarin die mens staan meteen ook duidelik (Schoeman, 1978: 802).

By 'n ondersoek na die grondtrekke van opvoeding val die klem op die vervlegting of samehang van die onderskeie "dele" of fasette van opvoeding. Hulle vorm in struktuurverband deel van die opvoedingswerklikheid binne die geskape werklikheid van God.

Opvoeding kan slegs as 'n werklikheid beskou en verstaan word indien dit via die werklikheidsaspekte van opvoeding (getrou aan die struktuurbeginsels in die wetsy wat voorwaarde vir bestaan verskaf) in struktuur- of universele verband gedoen word.

Die soeke na 'n metode om die grondtrekke van opvoeding te bepaal wat ook die toets van die praxis kan deurstaan, is nog nie uitvoerig vanuit Christelike perspektief onderneem nie. Dit skyn onverantwoordelik vir die fundamenteel opvoedkundige te wees om die bouplan (struktuur) van opvoeding te probeer bepaal op die basis van slegs een enkele metode, of van 'n metode wat

nie op die skriftuurlike grondslag berus nie (Van der Walt, 1982: 43).

Die veld van ondersoek vir die doeleindes van hierdie navor= sing sluit ook die soeke na enkele grondtrekke van opvoeding met behulp van die struktuur-empiriese metode (s.e.-metode) in.

Daar word van die vertrekpunt uitgegaan dat opvoeding 'n werk= likheid is en dat die lewensbeskouing van die ondersoeker 'n bepaalde kleur en voorkoms aan 'n bepaalde gevonde grondtrek van opvoeding kan verleen.

Die probleem wat in hierdie navorsing ondersoek word, is wat= ter metode kan die opvoedingswerklikheid volledig beskryf deur middel van analitiese insig, onderhewig aan die normatiewe voorwaardes van menslike aktiwiteite en in verband met opvoe= ding as menslike aktiwiteit?

## 1.3 Hipoteseformulering

Die navorsing wat in die hoofstukke hierna gerapporteer sal word, is toegespits op die toetsing van die volgende algemene navorsingshipoteses:

### 1.3.1 Hoofhipotese

Die struktuur-empiriese metode is 'n geskikte en gepaste me= tode om die grondtrekke van opvoeding mee te bepaal.

### 1.3.2 Subhipoteses

SH 1: Die struktuur-empiriese metode voldoen aan die eise wat gestel word aan 'n wetenskaplike metode.
SH 2: Die struktuur-empiriese metode bevredig die eise van die Christenopvoedkundige.

SH 3:/...............

SH 3: Die struktuur-empiriese metode kan bevredigend om=skryf en omlyn word.

SH 4: Die resultate van die struktuur-empiriese metode in die opvoedkunde is intersubjektief verifieerbaar en kontro=leerbaar.

SH 5: Grondtrekke verkry met die struktuur-empiriese metode is aanduidings van die struktuuraard van die opvoedingswerk=likheid en van die gegewenhede wat in opvoeding empiries ont=dekbaar is

Verifiëring (aanvaarding/verwerping) van SH 1 tot SH 5 sal ge=volglik ook lei tot die aanvaarding/verwerping van die hoofhi=potese ( vgl. hoofstuk 5).

1.4 Die aktualiteit van die probleem en van die navorsing oor die toepassing van die s.e.-metode in opvoedkundebe=oefening in reformatoriese kringe

Die huidige navorsing is om verskeie redes aktueel.

Ten eerste is die vraag in die geledere van die Reformatoriese opvoedkundiges oor die verhouding tussen Godsopenbaring en we=tenskapsbeoefening nog lank nie finaal beantwoord nie. (Ver=gelyk uitsprake van Dooyeweerd, 1968; Stoker, 1975; Van Ries=sen, 1970; Strauss, 1978; Schoeman, 1978 en Spiecker, 1974).

In die tweede plek het fundamentele opvoedkundiges nog nie een=stemmigheid bereik oor die Archimedespunt van waaruit die op=voedkundige sy teoretiese denkbeeld kan verrig nie (Turkstra, 1980: 1233). Die keuse van die Archimedespunt is òf in die immanente om dan so 'n totaalbeeld van opvoeding te probeer kry, òf in die hart of diepste bestaansentrum van die mens (Schoeman, 1978: 794; Van der Walt en Dekker, 1978: 49).

Met die aanvaarding van die hart as uitgangspunt het die be=langrikheid van die rede as enigste moontlikheid 'n klemver=skuiwing ondergaan. In hierdie verband verklaar Kalsbeek (1970: 43): "Uit het hart en niet uit het hoofd zijn de uit=

gangen/..........

gangen des levens." Hiermee word die aard van die gesigs=
hoek van waaruit die opvoedkunde beoefen word, beklemtoon.
Die vraag is dus nie met watter objek die wetenskapsbeoefe=
naar hom besig hou nie, maar vanuit watter gesigshoek bepaal=
de dinge, gebeurtenisse of samelewingsverhoudinge vakweten=
skaplik ondersoek word (Strauss, 1978: 3). Eers wanneer se=
kerheid verkry is oor hierdie gesigshoek kan die opvoedkundige
deur middel van die onderskeie toegangspoorte tot sy beskik=
king die opvoedingswerklikheid as gegewene bestudeer (Strauss,
1978: 3).

Die behoefte aan doeltreffende opvoedkundige metodes wat die
hart of bestaanskern van die mens as Archimedespunt aanvaar,
word in haas elke nuwere werk van Reformatoriese denkers on=
derstreep. (Vergelyk Stoker, 1970: 244 - 250; Taljaard,
1974: 192 - 194; Van Wyk s.j.: 5 - 6).

Die keuse vir 'n Archimedespunt is nog nie finaal gemaak nie
en dit lê op die weg van die Skrifmatige opvoedkundige metodo=
logie om in die ontwikkeling van bepaalde metodes, sover as
moontlik finaliteit hieroor te bereik.

Die opvoedkunde moet poog om die opvoedingsverskynsel, wat
nie modaal tipeerbaar is nie, tog 'n individualiteitstruktuur
toe te sê (Schoeman, 1978: 802). Om dit te kan doen, moet
daar noodwendig opvoedkundige metodes geformuleer word wat
elementêre grondbegrippe en -trekke van opvoeding in struk=
tuurverband kan uitlig. Die soeke na so 'n "verantwoordba=
re metode" van ondersoek is "van uiterste belang" (Landman,
Kilian, Swanepoel, Bodenstein, 1982: 111).

Om bogenoemde redes het Schoeman (1978: 800) onder meer die
moontlike gebruik van die struktuur-empiriese metode in die
opvoedkunde gesuggereer. Dit het die grondslag gelê vir ver=
dere besinning oor die struktuur-empiriese metode in fundamen=
teel-opvoedkundige verband.

Schoeman (1978: 798 - 802) wys onder andere op die volgende:

- Duideliker waarneming van die grondtrekke van opvoeding met behulp van 'n wetenskaplike verantwoordbare metode is dringend nodig. Die metode kan veral gebruik word waar die Archimedespunt in die subjektiwiteit van die mens in die opvoedingswerklikheid geneem word.

- Die metode moet nie teëspraak tussen teorie en praktyk ont=lok nie, veral waar die empiriese gegewene binne 'n werk=likheidsvisie, in hierdie geval die opvoedingswerklikheid verklaar en beskryf word nie. Die teorie moet dus aan=sluit by die ontblote praktyk sonder dat die een bo die ander verhef word.

- Die beskrywing van die grondtrekke van opvoeding met be=hulp van 'n wetenskaplike metode wat vir Christenopvoed=kundiges aanvaarbaar is, word bepleit.

- Die vraag na die moontlike andersheid of vollediger pers=pektief op die onderskeie grondtrekke van opvoeding wat vanuit so 'n struktuurvisie verkry word, word aangeroer.

Om bogenoemde moontlik te maak, word 'n metode voorgestel wat die struktuur-empiriese metode genoem word. Met be=hulp van hierdie metode kan opvoedingsgrondtrekke gevind en verwoord word: empiriese gegewens word verkry uit die opvoedingsverskynsel soos dit in die struktuur van die werk=likheid aangetref word. Die struktuur-empiriese metode is dus 'n wetenskaplike metode met behulp waarvan veral die Christenopvoedkundige die grondtrekke van opvoeding sou kon beskryf. Die meriete vir die gebruik van die metode is geleë in die moontlikheid om die empiriese gegewene binne 'n werklikheidsvisie, die opvoedingswerklikheid, te ver=klaar en te beskryf. Die Archimedespunt word in die mens se subjektiwiteit in die opvoedingswerklikheid geneem en die navorser kry 'n volledniger begrip van die grondtrek uit die

struktuurvisie/.........

struktuurvisie op die opvoedingswerklikheid.

## 1.5 Die doel van die navorsing

Die navorsing wentel om die verwesenliking van vyf doelstel= lings. Daar word beoog om:

1.5.1 vas te stel of die struktuur-empiriese metode voldoen aan al die eise wat aan 'n wetenskaplike metode gestel word;

1.5.2 vas te stel of die struktuur-empiriese metode voldoen aan die eise wat uit hoofde van 'n Skrifmatige opvoed= kundebeoefening aan 'n metode gestel word;

1.5.3 te bepaal of die struktuur-empiriese metode op 'n bruikbare en bevredigende wyse omskryf en omlyn kan word;

1.5.4 vas te stel of die resultate met behulp van die struk= tuur-empiriese metode verkry, intersubjektief veri= fieerbaar en kontroleerbaar is, en

1.5.5 om vas te stel of die grondtrekke wat met behulp van die struktuur-empiriese metode verkry is, aanduidings is van die struktuuraard van die opvoedingswerklikheid en van die gegewenhede wat in opvoeding empiries ont= dekbaar is.

Die oorkoepelende doel met die navorsing is dus om te bepaal of die struktuur-empiriese metode inderdaad 'n geskikte en gepaste metode vir die Christen-fundamenteel-opvoedkundige is om die grondtrekke van opvoeding mee te bepaal.

## 1.6 Verifiëringsprosedure

### 1.6.1 Metode van literatuurstudie

Die terrein of kenobjek van die opvoedkunde is opvoeding (Van der Walt, 1980(b):36). Die opvoedkunde is, soos alle weten= skappe, in 'n groot mate afhanklik van literatuurondersoek en -navorsing. Vir die fundamentele opvoedkunde is litera=

tuurstudie een van die vernaamste metodes en verg dus besondere aandag (De Wet, e.a., 1981: 53 - 56). Daarom gaan daar in hierdie verhandeling ook veral gebruik gemaak word van die metode van literatuurstudie en -beoordeling/-evaluering.

Aanvanklik gaan gekonsentreer word op die wye veld van die opvoedingsverskynsel in die algemeen met besondere klem op die fundamentele/wysgerige uitsprake daaroor in die literatuur. Sodoende sal die navorsingsgebied algaande, en met die hulp van bepaalde trefwoorde en kernbegrippe oopgevlek word.

Die navorsing sal aan die hand van verskillende navorsingsmetodes gaan om die soeke na toepaslike grondbegrippe en -trekke van die opvoeding.

1.6.2 Die prinsipieel-besinnende metode

Die literatuurstudie sal met die kritiese houding wat eie aan die fundamentele opvoedkundige is, gedoen word. Hierdie prinsipiële standpuntinname sal gedoen word vanuit die veronderstelling dat die navorser 'n Christendenker sal wees.

Sodanige kritiese houding teenoor die teorieë wat die literatuurstudie opgelewer het, word bepaal deur die religieuse gegrepenheid van die navorser.

Dit is veral die metode van fundamentele besinning en herbedinking van die bevindinge en gegewens wat behoort te lei tot 'n begronde sienswyse en standpunt.

Stellings is altyd toetsbaar aan empiriese gegewens, maar dit is juis in hierdie "toets" dat die fundamenteel-opvoedkundige in staat is om vanuit die voor-teoretiese uitgangspunte van die Skrif lig op die werklikheid te werp en bepaalde uitsprake te kan maak.

"Deur besinning oor en deur herbedinking van bepaalde vraag=

stukke/.........

stukke van fundamenteel-opvoedkundige belang, kom die funda= menteel-opvoedkundige uiteindelik tot 'n slotsom - hierdie eie standpunt word dan in woorde gegiet en dien as 'n geldige uit= spraak van die fundamentele opvoedkunde wat in die lig van die Skrif beoefen is" (Van der Walt, 1981: 12).

Dit is met hierdie voor-teoretiese en voor-wetenskaplike grond= veronderstellings wat die pad oopgemaak word vir die wetenskap= like arbeid wat ook eie is aan die wysbegeerte, en gevolglik ook van toepassing is op fundamentele besinninge (Dooyeweerd, I, 1953: 55 - 64).

Wat fragmentariese abstrakte empiriese gegewens mag wees, word deur hierdie besinning verstaanbaar gemaak in die konteks van die geheel van die gegewe werklikheid.

In sy ondersoek kan geen fundamenteel-opvoedkundige 'n metode volg wat nie die komponent van prinsipiële besinning insluit nie; daardeur word erkenning verleen aan die hermeneutiese aspek van die metodologie, naamlik aan die regulatiewe ideë en die lewens- en wêreldbeskoulike uitgangspunt van die op= voedkundige (Van der Walt, 1980(b): 67 - 72).

1.6.3 Intersubjektiewe kontrole

Na afloop van die toepassing van die struktuur-empiriese metode op opvoeding as verskynsel in die werklikheid behoort die re= sultate wat verkry is, gekontroleer te (kan) word binne die akademiese gemeenskap.

Die grondtrekke van opvoeding wat met behulp van die struktuur-empiriese metode verkry en geformuleer word, moet sodanig wees dat hulle in vergelyking gestel kan word met die bevindinge van ander navorsers. Dit wil nie sê dat intersubjektiewe kon= trole op 'n konsensusideaal hoef te berus nie; dit moet eerder 'n toets wees vir die geldigheid in die lig van bevindinge wat

vanuit ander "voor- en bo-teoretiese oortuigingsmantels na vore kom" (Van der Walt, 1981: 13). So kan die geldigheid van die navorsingsresultaat in 'n hoë mate bepaal word.

Uit die aard van die intersubjektiewe kontrole moet die voor= teoretiese uitgangspunte van die ander lede van die akademiese gemeenskap wie se bevindinge gebruik gaan word, bekend wees. Omdat 'n volledige intersubjektiewe toets nie gedoen kan word nie (om die eenvoudige redes van tyd en ruimte), moes 'n selek= sie van strominge gemaak word vir die doeleindes van die kon= trole.

### 1.6.4 Die formulering van die grondtrekke

Na oorweging van die resultaat wat verkry is met die toepas= sing van die struktuur-empiriese metode word die talige for= mulering van 'n grondtrek van opvoeding noodsaaklik.

### 1.6.5 Skrifgefundeerde/Skriftuurlike/Skrifmatige benadering

In elke stap van die ondersoek is die begrondende lig van Gods Woord van besondere belang. Neutraliteit kan by die opvoed= kundige in sy wetenskapsbeoefening nie bestaan nie. Daarom kan elke stap of faset van die wetenskaplike ondersoek nie buite om, of ongeag die perspektief van die Geskrewe Woord van God, plaasvind nie. Wanneer verklaring van die entiteite in die kosmos onder oorweging kom, spreek dit net vanself dat die Skepper en Onderhouer van die kosmos se Woordopenbaring oor die Skepping primêr van belang sal wees. Vir die fundamen= teel-opvoedkundige wat sy wetenskaplike arbeid in die lig van die geopenbaarde Woord van God wil beoefen, kan die uitkoms van slegs een enkele metode in geen opsig bevredig nie. Die opvoedkunde en die verskynsel opvoeding is te veelkantig dat 'n enkele metode die volle struktuur daarvan kan weergee (Van der Walt, 1982(a): 43). Die metodologiese verantwoording in hoofstuk 2 hierna word onderneem met die wete dat elke verskyn= sel in die werklikheid - ook opvoeding - alleen in sy volheid erken en verstaan kan word, in die lig van die "insiggewende

perspektiewe van die Skrifgeworde Woord as die Woord van God" (Van der Walt, 1982(a): 43).

## 1.7 Afbakening van die terrein van ondersoek

### 1.7.1 Begripsomskrywing as vorm van terreinafbakening

#### 1.7.1.1 Inleiding

Uit die probleemstelling (par. 1.2 - 1.3) is dit duidelik dat daar veral ondersoek ingestel word na die aard van 'n beson=dere metode. Dit verg 'n besondere metodologiese verantwoor=ding (vgl. hoofstuk 2). Begrippe soos "metodologie", "op=voedkunde" en "opvoeding" moet dus omskryf word. Ook die beskrywing van die naam van die metode, naamlik "struktuur-empiriese" moet aandag geniet.

#### 1.7.1.2 Metodologie

"Metodologie" is 'n leer of 'n wetenskap aangaande metodes. Dit is die beskrywing, verklaring, motivering vir bepaalde metodes (Botha, 1977: 3). Wetenskaplike navorsing, en meer spesifiek fundamenteel-opvoedkundige navorsing, maak gebruik van verskeie metodes soos meting, eksperimentering, verkla=rings en voorspelling (Van der Walt e.a., 1978: 12). Dit is in die metodologie dat metodes vir gebruik op spesifieke terreine en in vakke oorweeg, aangepas en toegeken word (vgl. par. 2.2 en 2.3).

#### 1.7.1.3 Opvoeding/opvoedkunde

Die term "opvoedkunde" word hier uitsluitlik gebruik vir die wetenskap aangaande die opvoeding. Dit omvat al die deelwe=tenskappe van die opvoedkunde sonder om telkens na veral die fundamentele opvoedkunde te verwys.

In/...........

In hierdie navorsing gaan dit egter veral oor besinning en teoretiese begronding oor die handeling wat in sy totaliteit as opvoedkunde bekend staan, naamlik die wetenskap van die op= voeding.

"Opvoeding" word weer gebruik met die bedoeling dat dit meer as slegs "leiding" of "begeleiding" beteken. Dit is 'n be= sondere aktiwiteit of handeling wat 'n bepaalde struktuur in die werklikheid aanneem. "Opvoeding" beteken bemoeienis met die nie-volwassene. Die nie-volwassene beleef 'n intense in= gryping in sy lewe wat rigting gee aan sy volwassenewording en waarop hy noodgedwonge moet reageer.

Opvoeding is dus doelbewuste doelgerigte dwingende praktykge= worde handeling van een persoon, die opvoeder, tydens 'n be= paalde verhouding met 'n ander persoon, die opvoedeling.

Verskeie ander definisies vir opvoeding word ook deur Van der Walt (1980(a): 32-34). aangehaal. Vir hierdie verhandeling sou die definisie wat Van Wyk (1974(a): 51) voorstel, die mees aanvaarbare wees. Opvoeding is vir hom "'n handeling ... tussen twee of meer persone, enersyds die opvoeder, andersyds die opvoedeling; eersgenoemde rig sy handeling opsetlik en deur roeping gedring, op laasgenoemde met die bedoeling om hom toe te rus, te help, te lei en oor te haal tot betekenis= volle, bewuste, vrywillige, verantwoordelike en roepingsbe= wuste aanvaarding van sy lewenstaak".

1.7.1.4 Grondtrekke

"Grondtrekke" is "universele eienskappe" (i.c. van opvoeding). Dit is daardie formulering deur die opvoedkundige van opvoe= dingselemente in hulle ontisiteit met die beste metodes tot sy beskikking (Van der Walt e.a., 1981: 7).

Grondtrekke van opvoeding maak aanspraak op universele erken= ning en verwys na 'n bepaalde "klas" of "soort" kennis wat op=

voedingsinhoud/......

voedingsinhoud tipeer en karakteriseer. Hierdie kennis is enig in sy soort en daarom universeel. (Lat. unus beteken "een" en Lat. vertere beteken "op 'n keer").

Ander begrippe soos "struktuur" en "empiries" word volledig in hoofstuk 2 bespreek.

### 1.7.2 Terreinafbakening in terme van die werkprogram

1 Dit is nie die doel van hierdie werkstuk om die s.e.-meto= de in al sy fasette na te gaan nie. Die s.e.-metode word slegs beskryf, en die nut en bruikbaarheid daarvan vir die opvoedkunde bepaal, die toepassing daarvan ondersoek, en afgeweeg teen slegs enkele ander metodes, naamlik die wat in die RSA gangbaar is. Hierdie metodes is veral die fe= nomenologiese, taalanalitiese, positivistiese en die prag= matistiese.

2 Nie al die grondtrekke van opvoeding word bepaal nie. Slegs enkeles word eksemplaries gevind en beskryf, hoof= saaklik om te bepaal hoe bruikbaar die s.e.-metode vir die doeleindes van die Skrifmatige opvoedkunde is.

3 Die intersubjektiewe kontrole word nie met alle ander op= voedkundiges se bevindinge gedoen nie. Tyd en ruimte laat dit nie toe nie. Dus is daar slegs enkele strominge se bevindinge gekies naamlik die taalanalitiese, fenomeno= logiese en pragmatistiese beskouinge oor die grondtrekke.

### 1.8 Program van ondersoek

1 Daar word eerstens aandag geskenk aan die beskrywing van die s.e.-metode. Hierdie omskrywing sluit 'n begripsont= leding en 'n uitgangspunt ten opsigte van die gebruik van die metode in. Hierdie uitgangspunt omvat die aktuele vertrekpunt van opvoeding, die funderende regulatiewe ideë en verband tussen wetenskaplike teorieë en geanali= seerde praktyk.

2 Hierna volg 'n beredenering oor die toepaslikheid van die s.e.-metode, veral in vergelyking met ander metodes wat deur opvoedkundiges gebruik word.

3 Die volgende stap is die toepassing van die s.e.-metode op opvoeding as werklikheid ten einde slegs enkele grond=trekke van opvoeding in struktuurperspektief te bepaal en te beskryf.

4 Die resultaat wat verkry is met die vorige stap word dan gemeet aan die resultate wat met ander metodes verkry word. 'n Paar ander benaderings in die opvoedkunde wat verskil van die Skrifmatige beskouing word in hierdie fase onder oë gesien.

## 1.9 Indeling van die verhandeling

Die verhandeling is as navorsingsverslag soos volg ingedeel:

| | |
|---|---|
| Hoofstuk 1 | Probleemstelling, hipotese(s) en die metode van ondersoek. |
| Hoofstuk 2 | Die gebruik van wetenskaplike metodes in die op=voedkunde met besondere verwysing na die s.e.-metode. |
| Hoofstuk 3 | Analise van enkele grondtrekke van opvoeding met behulp van die s.e.-metode. |
| Hoofstuk 4 | 'n Intersubjektiewe kontrole van die vier grond=trekke wat beskryf is. |
| Hoofstuk 5 | Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings. |

## 1.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n inleiding tot en oriëntering op die navorsing verskaf. Daar is aangedui dat die opvoedkundige wat Skrifmatig te werk wil gaan in die bepaling van opvoe=dingsgrondtrekke oorweging moet skenk aan die verantwoorde gebruik van die s.e.-metode. Die knoop lê egter daarby dat

die/.........

die s.e.-metode dusver slegs programmaties en sketsmatig omlyn is. Dit is as 'n oogmerk met die ondersoek gemeld dat die s.e.-metode deeglik ondersoek moet word ten einde die gepast=heid en geskiktheid daarvan as navorsingsprosedure in die hand van die opvoedkundige wat sy arbeid Skrifmatig wil verrig, te bepaal. Navorsingshipoteses is geformuleer, die program van ondersoek is aangedui, die metodologiese verantwoording is gedoen en 'n hoofstukindeling is gegee. Op basis van hierdie oriëntering en agtergrond, word daar nou in hoofstuk 2 oorge=gaan tot die verantwoording oor die aard, struktuur, voorver=onderstellings en gebruik van die s.e.-metode as sodanig.